# SARS skakel met industrie om enige brandstoftekorte af te wend

**Tshwane, 14 Oktober 2024 -** Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) neem kennis van persverklarings wat sinspeel op die naderende tekort aan vliegtuigbrandstof, ook bekend as keroseen, as gevolg van wat beweer word as SARS se weifeling om lisensies aan brandstofmaatskappye uit te reik. Dit is 'n foutiewe posisie. Die invoer en beweging van beide lugvaart keroseen en lamp keroseen word streng deur die Wet op Doeane en Aksyns beheer. Dit is die nakoming van die bepalings van die wet wat klaarblyklik vir die brandstofindustrie moeilik is.

SARS wil dit graag duidelik maak dat die aanvraag vir beide lugvaart keroseen en lamp keroseen in die Republiek vervul word deur verskaffing van gelisensieerde brandstofvervaardigers (rafinaderye).

Sommige van die kuslangse rafinaderye het sedert 2022 ophou vervaardig as gevolg van verskeie redes, insluitend die verwoesting van infrastruktuur, en moes op invoere staat maak om die aanvraag te vervul. Sommige van die rafinaderye het tydens April 2024 vir tydelike spesiale bergingspakhuislisensies, vir die berging en daaropvolgende verspreiding van ingevoerde lugvaart keroseen na ORTIA en ander lughawes, aansoek gedoen en is dit toegestaan. Dit is gedoen om 'n naderende krisis aan tekort aan lugvaart kerosene, wat aangebring is deur statutêre instandhouding by bepaalde rafinaderye, af te wend.

Die lisensies wat toegestaan is was vir 'n bepaalde tydperk geldig en onderhewig aan bepaalde voorwaardes op daardie tydstip. Hierdie lisensies is toegestaan met die uitgangspunt dat die instansies die formele proses vir lisensiëring sou volg en die nodige fasiliteite sou hê ter nakoming van die doeane- en aksynswetgewing. Die spesiale doeane- en aksynspakhuis verseker beheer van goedere en stel SARS in staat om die regering se inkomste te beskerm.

SARS het gepoog om helderheid en sekerheid aan die toepaslike entiteite te verskaf wat van 'n vervaardiging-gebaseerde model na 'n invoermodel oorgegaan het. SARS het in hierdie verband die entiteite deurgans bygestaan en gelei om steeds handel te dryf binne die omvang van die wet, terwyl daar steeds aan die nodige staatsbestuursprosesse voldoen word.

Dis belangrik om kennis te neem dat SARS met die industrie sal vergader om 'n oplossing aan te kondig om onmiddelike maatreëls in te stel wat die huidige uitdagings sal aanspreek terwyl dié bepaling van die wet steeds gehandhaaf word. Dit is in SARS se beste belang dat die land se ekonomie en reisprosesse onder geen omstandighede belemmer word nie. Dit is net so belangrik dat al die rolspelers spoedig optree om hulle verpligtinge na te kom.

Vir verdere inligting, kontak SARSMedia@sars.gov.za.